Wat is tweetalige/ veeltalige onderwys?

Pamflet 1

Februarie
2024

Hierdie pamflet is in Tshivenḓa, isiXhosa, Sepedi, isiZulu, Sesotho, Afrikaans, Setswana, Xitsonga, siSwati, isiNdebele, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Engels beskikbaar.

Besoek www.bua-lit.org.za vir besonderhede.

ZENEX FOUNDATION
bua-lit language and literacy collective



Tweetalige/veeltalige onderwys behels die gebruik van twee of meer tale van leer, onderrig en assessering (TLOA). Die mandaat vir tweetalige/veeltalige onderwys is vervat in die Suid-Afrikaanse taal-in-onderwysbeleid (1997) wat skole aanmoedig om meer as een TLOA te gebruik. Die doel van tweetalige/veeltalige onderwys is om kinders te help om meer as een taal baie goed te beheers. Daar is verskillende vorme van hierdie tipe onderwys. Dit word soms “tweetalige onderwys” genoem, en soms “veeltalige onderwys”. Ons gebruik “tweetalige/veeltalige onderwys” om aan te toon dat meer as een taal in dieselfde skool of klaskamer gebruik kan word. Algemene beginsels wat vir alle vorme van tweetalige/veeltalige onderwys geld, is die volgende:

- **Hulpbronoriëntasie:** Die tale en taalvariëteite wat kinders in die klaskamer inbring, is ’n belangrike leerhulpbron en is nie ’n probleem nie.
- **Insluiting/Inklusiwiteit en diversiteit:** Onderwysers sal alle tale en taalvariëteite na waarde skat en insluit.
- **Buigsaamheid:** Onderwysers sal vorme van tweetalige/veeltalige onderwys by hul spesifieke konteks aanpas.



Persentasies van huistale wat in Suid-Afrika gepraat word (Sensus 2022)



Navorsing het bevind dat kinders die beste leer in die tale wat hulle die beste ken. Vir die meerderheid Suid-Afrikaanse kinders is hierdie tale Afrikatale. In Suid-Afrika is Engels ook ’n belangrike taal as dit kom by ekonomiese geleenthede en algemene kommunikasie. Tweetalige/veeltalige onderwys maak dit vir kinders moontlik om te leer in die tale wat hulle die beste ken terwyl hulle terselfdertyd Engels bemeester.

Vir baie jare is Afrikatale nie as tale van leer, onderrig en assessering erken nie. Tweetalige/veeltalige onderwys sal dit moontlik maak om Afrikatale te gebruik om kennis te deel en nuwe kennis te skep. Kinders sal die boodskap kry dat hulle belangrik is, omdat hul tale na waarde geskat word. Indien Afrikatale ’n hoë status in die onderwys geniet, sal dit ook die status van dié tale in die breër samelewing verhoog.



Teen die tyd dat leerders in Graad 4 kom, het talle leerders wat Afrikatale praat, nog nie genoeg geleenthede gehad om Engels te bemeester nie. Hulle is nie gereed en voorbereid om al hul vakke slegs in die medium van Engels te leer nie. Leeders word in hul klaskamers as’t ware tot stilswye gedwing omdat hulle in Graad 4 moet oorskakel van hul huistaal as TLOA na Engels as TLOA. Hulle kry dus nie die geleentheid om te wys wat hulle weet nie, of om selfversekerd genoeg te wees om aktief deel te neem aan hul leer nie. Wanneer leerders se tale uitgesluit word, voel hulle dat hulle nie na waarde geskat word nie. Dit is nie iets waarmee Engelssprekende en baie Afrikaanssprekende leerders te kampe het nie.



Ons tref tweetalige/veeltalige onderwys oral in die wêreld aan. In Kanada is tweetalige Frans/Engelse onderwys goed gevestig. In Wallis leer kinders in Wallies en Engels. In Indië kan skole uit handboeke kies wat in drie dominante streektale geskryf is. Suid-Afrika het ’n geskiedenis van gevestigde tweetalige onderwys vir Afrikaans- en Engelssprekendes wat steeds bestaan. Maar tweetalige onderwys in Engels en Afrikatale is nie beskikbaar nie. Hier volg ’n paar voorbeelde van tweetalige/veeltalige onderwys:

- **Moedertaalgebaseerde veeltalige onderwys (MTBVO) en Moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys (MTBTO):** Die taal wat die kind die beste ken (moedertaal) word as TLOA in die Grondslagfase gebruik, en die kind se moedertaal word daarna steeds as TLOA gebruik terwyl ’n ander taal (Engels) in die Intermediêre Fase en verder as komplementêre TLOA bygevoeg word. Dit beteken dat inhoudsvakke soos Wiskunde, Natuurwetenskappe en Tegnologie en Sosiale Wetenskappe in meer as een taal onderrig word.

- **Dubbelmediumskole:** Twee tale word in dieselfde klas as TLOA’s gebruik. Onderrig, leermateriaal en assessering is in albei tale beskikbaar. Leerders beheers albei tale ewe goed. Voorbeelde is Afrikaans/Engelse skole in Suid-Afrika en Wallies/Engelse skole in die Verenigde Koninkryk.

● **Parallelmediumskole:** Om leerders met verskillende moedertale te akkommodeer, word verskillende TLOA's in parallelle klasse gebruik, byvoorbeeld, 'n Afrikaanse baan; isiXhosa-baan; Engelse baan in die Grondslagfase.

Daarna word, soortgelyk aan MTBTO, twee TLOA's in elk van die bane in die Intermediêre Fase gebruik (byvoorbeeld, Engels en Afrikaans; Engels en isiXhosa).

● **Buigsame tweetaligheid/veeltaligheid:** Daar is leerders met verskillende taalagtergronde in die klas en die onderwyser beheers dalk nie al die kinders se tale ewe goed nie. Met die hulp van woordelyste en die portuurgroep, word al die leerders se tale sover moontlik in onderrig en leer gebruik.



In tweetalige/veeltalige onderwys gebruik onderwysers verskeie strategieë wanneer hulle verskillende tale in hul onderrig gebruik. In Engels staan dit bekend as **"translanguaging",** en dit behels die verskillende tale en taalvariëteite wat 'n veeltalige persoon gebruik om te kommunikeer. Vir veeltalige sprekers is dit 'n normale proses. Soms hou onderwysers tale apart en soms meng hulle tale. Baie Suid-Afrikaanse onderwysers het ervaring daarvan om tale te wissel om konsepte te verduidelik. Ons ken dit as **kodewisseling.** Soms moedig hulle vertaling en tolking in verskillende tale aan. In tweetalige/veeltalige onderwys gaan onderwysers verder as die

gebruik van baie tale in gesproke vorm. Hierdie onderwysers en hul leerders gebruik meer as een taal wanneer hulle skryf, wanneer materiaal ontwikkel word en vir assessering. Hier volg ’n paar voorbeelde:

- Onderwysers en leerders gebruik veeltalige woordeboeke.
- Onderwysers en leerders ontwikkel veeltalige woordelyste.
- Leerders vertaal ’n isiXhosa-gedig in Engels.
- Leerders som ’n Engelse storie in isiZulu op.
- Onderwysers doen gedeelde skryf in ’n kombinasie van twee of meer tale en doen ook tweetalige sowel as eentalige skryfoefeninge.
- Onderwysers verskaf toetsvrae en instruksies in twee tale.
- Onderwysers laat leerders toe om vrae in toetse te beantwoord in die taal wat hulle verkies.
- Onderwysers en leerders skep veeltalige woordmure deur verskillende tale te gebruik.
- Onderwysers voer gesprekke met leerders oor woorde in verskillende tale.
- Leerders gebruik tweetalige/veeltalige handboeke.
- Onderwysers en leerders gebruik dieselfde boek in meer as een taal.
- Onderwysers laat leerders toe om die tale wat hulle die beste ken, te praat en laat hulle selfs toe om tale te meng.

Ons dank aan die Zenex-stigting wat die produksie van hierdie pamflette moontlik gemaak het. Saamgestel deur Soraya Abdulatief, Phumle April, Xolisa Guzula, Ntombizanele Mahobe, Carolyn McKinney, Nadeema Musthan, Margie Probyn, Brian Ramadiro, Robyn Tyler, Zola Wababa.

Vertaal deur Anita van Zyl.

ZENEX FOUNDATION

bua-lit
language and literacy collective